NG Gemeente Berg en Dal, Bloemfontein vier die Sinode van Dordrecht

Herdenking van die totstandkoming van die Dordtse Leerreëls, 'n Kerkorde en die bekende Nederlandse Statenvertaling: Op 29 Mei 1619 het die **Sinode van Dordrecht** in Nederland tot 'n einde gekom - 'n historiese gebeurtenis in die lewe van Gereformeerde Kerke en vanwaar ons ook die Dordtse Leerreëls, 'n Kerkorde en die bekende Nederlandse Statenvertaling ontvang het. Ons gaan dit by Berg-en-Dal herdenk. Die eerste geleentheid, is **Sondagaand 12 Mei** om **18:00** met 'n musiek- en sangdiens waarin Psalms en geestelike liedere uit die 16e en 17e eeue weer gesing gaan word, asook die grootste kerkmusiek van komponiste soos Praetorius en JS Bach (uitgevoer deur orrelis Johan Cromhout).

Aanbieding deur ds Jan Lubbe oor die historiese agtergrond en verloop van die Dordtse Sinode (1618 - 1619): Die tweede geleentheid is tydens 'n byeenkoms van ons Kuierklub, op **Woensdagoggend 15 Mei** om **09:30** by die kerk, waar ds Jan Lubbe 'n praatjie met visuele toeligting oor die historiese agtergrond, verloop en betekenis van die Dordtse Sinode (1618-1619) gaan aanbied, informeel en interessant.

Program - Teologiese konferensie oor Verkiesing: Vier eeue van Vertolking: